

Inwerkingstelling van die beleidaanwysing vir die administrasie van die motornywerheidsontwikkelingsprogram na 2020

Tshwane, 14 Junie 2021 - Die minister van handeldryf, industrie en kompetisie het 'n beleidaanwysing uitgereik ingevolge artikel 5 van die Wet op Internasionale Handelsadministrasie, 2002, wat 'n versoek rig aan die Internasionale Handelsadministrasie Kommissie vir bystand met die inwerkingstelling van die motornywerheidsontwikkelingsprogram na 2020 (APDP Fase II) om sodoende die huidige APDP te vervang.

Die huidige APDP moes in werking wees vanaf 1 Januarie 2013 tot 31 Desember 2020. Die minister van handeldryf, industrie en kompetisie het egter die huidige program verleng tot 30 Junie 2021 nagevolg die negatiewe impak van die Covid-19-pandemie op die plaaslike motornywerheidsproduksie, -verkope, -invoere en -uitvoere.

Die APDP is 'n doeaneregte-gebaseerde program wat bestaan uit kortings en terugbetalings van die toepaslike doeanehreffings.

Wysigings ten opsigte van die APDP Fase II, sal in die staatskoerant gepubliseer word op 25 Junie 2021. Die voorgestelde wysigings sal ingestel word met intrede vanaf 1 Julie 2021. Die wysiging sal egter vanaf 14 Junie 2021 beskikbaar wees op die SARS-webtuiste deur die volgende skakel(s): <https://www.sars.gov.za/legal-counsel/secondary-legislation/tariff-amendments/tariff-amendments-2021/>